Die Voortrekkers

2 April 2018
Verw.GHOLF2018

Geagte Borg / Speler

IS: Gholfdag te Magaliespark -7 Junie 2018

Ons nooi u uit om deel te wees van Koersvas Voortrekker Kommando Gholfdag.

Meer oor Koersvas Voortrekker Kommando

Koersvas Voortrekker Kommando is deel van Die Voortrekkers. Die Voortrekkers is 'n kultuurbeweging wat ons lede, in besonder die jeug, toerus om as moderne Afrikaners, positiewe Burgers en konsekwente Christene hulle roeping deur diensbaarheid uit te leef.

Koersvas Voortrekker Kommando is gestig op 26 Februarie 1976 (42jr) en het n gemiddelde ledetal van 120+ waarvan die lede wissel vanaf 3 jarige ouderdom en op. Daar word vir elke kind en volwassene 'n geleentheid gegee om vaardighede aan te leer en sy/haar leierskapsvaardighede te verbeter op sy/haar eie vlak. Waardes en diensbaarheid is groot komponente wat ingeweef word tydens elke spanbyeenkoms. Hierdie werk word alles vrywillig gedoen.

Doel: Insamel van fondse vir Koersvas Voortrekker Kommando, Brits, by 'n prettige geleentheid waar Koersvas Voortrekker Kommando homself en sy Borge sal bekendstel en bemark. Hierdie gholfdag sal help om die Koersvas Voortrekker Kommando se koffers so bietjie te vul om die koste van opgradering van ons spanbyeenkoms-areas asook om van ons ingeskrewe lede se kampe en kursusfooie te verlig.

Formaat: Tweebal Alliansie met "scramble drive"

Waar en Wanneer: Magalies Park Resort, Hartbeespoort – 7 Junie 2018. Borge kan opstel vanaf 08h00 en moet gereed wees teen 09h45. 'n Afslaanrooster sal nader aan die tyd bekend gestel word.

Inskrywingsfooi: R2 000,00 per Vierbal. Vir hierdie inskrywingsfooi kry elke groep, 2 gholfkarretjies, verversings by die halfweghuis en aandete tydens die dinee (Drankies uitgesluit). Die Pro-Shop sal navrae rakende caddies hanteer.

Spesiale Inskrywings: Verskeie beroemde gasspellers sal later bekend gemaak word. Spelers kan saam met ons beroemde gasspeler speel vir 'n additionele R1 000.00 (Totaal per Vierbal is dan R3 000). Dit sluit in 2 gholfkarretjies per groep, verversings by die halfweghuis en 'n aandete vir elke speller in (Drankies uitgesluit). Vir meer inligting kontak ons gerus.

Koersvas Voortrekker Kommando

Kommando leier Adèle Hattingh 073 216 7117
Administrasie & Finansies: Corlia du Plessis 082 820 3677
PD Sake: Annamè Wolmarans 083 231 1113
Verkenner Sake: Denise Herbst 063 772 0345
Volwasse Sake: Trudie Roos 082 801 4358

www.transvaal.voortrekkers.co.za
www.houkoers.co.za
FB: Koersvas Voortrekkers
E-pos: Koersvasvories@gmail.com

Ons Bank besonderhede: Koersvas Voortrekker Kommando
Nedbank - Brits Takkode:187 646
Tjek Rekno: 187 603 6974
Verwysing: GHOLF18
Epos bewys na Koersvasvories@gmail.com

Aangeheg vind ook ’n borgskapaansoekvorm asook ‘n inskrywingsvorm vir spelers.

Vir Navrae kontak Adèle Hattingh 073 216 7117 of Rihaan Plomp 071 610 0457 / 071 890 3822

Dit is met opgewondenheid dat ons uitsien om ‘n dag saam u te spandeer.

Voortrekker Groete

Adèle Hattingh
Kommandoleier
073 216 7117

BORGAANSOEKVORM

Die Voortrekkers

BORGSKAP GELEENTHEID	BESKRYWING	BEDRAG	U KEUSE
Hoofborg by klubhuis	Hiervoor kan u by die klubhuis u baniere vertoon, tydens die aandete 'n kort geleentheid kry om paar woorde aan gaste oor te dra, en erkenning kry by alle geleenthede waar Koersvas Voortrekker Kommando hierdie Gholfdag sal bekendstel, onder andere in advertensies, skrywes aan alle lede en by die Gholfdag self. Sou 'n enkele Hoofborg die dag borg sal hy toegelaat word om agt tweeballe gratis in te skryf vir die dag se gholf. Die Hoofborg sal ook die geleentheid kry om 'n advertensiebord op te sit by ons terrein gelee by Hoërskool Brits, de Ridderstraat, Brits vir 12 maande. Grootte van die advertensiebord en advertensie sal deur die Koersvas Dagbestuur goedgekeur word.	R 60 000,00	
Medeborg	Sou Koersvas Voortrekker Kommando nie daarin kan slaag om 'n enkele borg vir die dag te kry kan daar ooreengekom word om drie verskillende borge te akkommodeer as medeborge, elk vir n bedrag van R 20 000,00 U sal soortgelyke blootstelling kry as die Hoofborg maar sal moet aanvaar dat 'n ander organisasie saam met u as medeborg ook dieselfde geleenthede sal kry. Die drie medeborge sal elkeen vier tweeballe gratis kan inskryf op die gholfdag.	R 20 000,00	
Borg 'n Putjie	U kan ook 'n putjie borg waarvoor u dan twee x tweebal sal kan inskryf. (Dit kos u slegs R 2 500,00 meer). Vir die borgskap kan u by die putjie u eie bemarkingsmateriaal versprei en ook 'n banier uitstal. Magaliesparkreëls sal ten alle tye geld en slegs water en shooters mag by die putjie bedien word. Maximun van 4 additionele persone sal per putjie toegelaat word. Hierdie persone mag op rotasiebasis werk en is verantwoordelik vir hul eie verversings gedurende die geleentheid.	R 4 500,00	
Halfweghuisborg	Hier het u eksklusiewe bemarkingsgeleentheid waar u baniere kan vertoon, bemarkingsmateriaal versprei en heerlik kan netwerk tussen spelers	R 7 000,00	
Dineeborg	Die aandete-borg kan bemarkingsbaniere in die prysuitdeling area uitstal asook bemarkingsmateriaal op tafels en 'n spreekbeurt tydens prysuitdeling ontvang.	R 10 000,00	
Gholfhoedborg	Skep sigbaarheid vir die duur van die geleentheid deur 'n handelsmerk gholfhoed vir elke speler te borg.	R 3 500,00	
Wynborg	Die wynborg kan bemarkingsetikette op die wynbottels plaas en erkenning ontvang by prysuitdeling. Borg word versoek om 2 bottels wyn per tafel te voorsien, wyn sal verskaf word deur die restaurant te Magalies Park. Spesiale versoeke kan gerig word aan koersvasvories@gmail.com	R 1 500,00	
Bederfsakkie-borg	Verras gaste met 'n bederfsakkie (Goody bag) en bly in elke speler se gedagtes. Daar is geen beter manier om kontak met potensiële kliënte te maak nie.	R 1 500,00	
Prysborg	*Geskenke gee altyd 'n positiewe emosionele invloed op mense en stel hulle in staat om jou handelsmerk met 'n gevoel van lojaliteit te assosieer. Gee geskenke of geskenbewyse vir die top spanne, naaste aan die pen en langste dryf of die beste sportmansgees / speler.*		
1ste Plek		R 1 000	
2de Plek		R 750	
3de Plek		R 500	
"naaste aan die pen" op 'n gegewe putjie		R 500	
"die langste dryf" op 'n spesifieke putjie.		R 500	
Beste Sportmansgees		R 500	
Beste Damesspeler		R 500	
Beste Mansspeler		R 500	
Veiling Item	Tydens die aandete sal 'n veiling aangebied word van items wat geborg word. Ons wil ook vriendelik versoek dat u vir ons items borg wat tydens die veiling aangebied kan word. Iets soos 'n avontuurgeleentheid, mooi kamptoerusting, braaitoerusting, jagtoerusting, elektrieseware, handgereedskap, verkyker of kamera sal baie welkom wees. U / U besigheid sal vermeld word tydens die veiling. Spesifiseer asseblief die item(s) wat u graag wil borg. Items moet teen 31 Mei 2018 ingehandig wees. Kontak ons vir reëlings vir aflewering of kollekteer van item(s). (Tel. 073 216 7117 Adèle of stuur epos)		

Let wel: Die bogenoemde fooie is die borgtariewe en sluit die koste uit van goedere soos pette, t-hemde, geskenke, wyn en pryse.
Voltooi asseblief 'n borgskapvorm asook 'n inskrywingsvorm vir u span(ne) waar van toepassing.
E-pos na koersvasvories@gmail.com Byvoorbaat dankie vir u ondersteuning.

Hiermee bevestig ek/ons, dat ek/ons as borg sal optree, soos hierbo gemerk, tydens Koersvas Voortrekker Kommando Gholfdag op 7 Junie 2018.

- Stuur asseblief u voltooide Borgskap Aansoekvorm aan Adèle Hattingh: koersvasvories@gmail.com
- 'n Faktuur sal gegenereer word sodra u Borgskap Aansoekvorm ontvang is.
- Betaling moet gemaak word by ontvangs van die faktuur.
- Neem asseblief kennis dat wanneer die faktuur aan u gestuur is, die terme en onderstaande voorwaardes sal van toepassing wees.

TERME EN VOORWAARDES:
Kansellasies sal slegs 14 werksdae voor die Gholfdag aanvaar word. Die volle borgskapsbedrag wat op hierdie vorm aangedui en gemerk is, sal gehef word indien kansellasies minder as 14 werksdae voor die Gholfdag gemaak word.

Ek stem hiermee in tot die betalingsvereistes soos hierbo gelys op hierdie aansoek.

Namens:

_____
Besigheidsnaam (IN BLOK LETTERS)

_____
Naam (IN BLOK LETTERS)

_____
Gemagtigde Hantekening

Geteken te _____ op _____ 2018.

.

Dankie vir u bydrae, dit word opreg waardeer.

REGISTRASIEVORM

Die Voortrekkers

KOERSVAS GHOLFDAG TE MAGALIES PARK RESORT

7 JUNIE 2018

TOTALE KOSTE PER 4 BAL = R2 000.00

REGISTRASIE @ 10H00

Besigheidsnaam		**E-pos adres**	
Kontak persoon		**BTW nommer**	
Kantoor Tel.no		**Pos adres**	
Selfoon nommer			

Hoeveel 4 balle word benodig: _____

Vierbal A		**Vierbal B**	
Speler 1 - Naam		**Speler 1 - Naam**	
Speler 2 - Naam		**Speler 2 - Naam**	
Speler 3 - Naam		**Speler 3 - Naam**	
Speler 4 - Naam		**Speler 4 - Naam**	

Hiermee bevestig ek/ons, dat ek/ons as speller sal optree, soos hierbo uiteengesit is, tydens Koersvas Voortrekker Kommando Gholfdag op 7 Junie 2018.

- Stuur asseblief u voltooide registrasievorm aan Adèle Hattingh: **koersvasvories@gmail.com**
- 'n Faktuur sal gegenereer word sodra u registrasievorm ontvang is.
- Betaling moet gemaak word by ontvangs van die faktuur.
- Neem asseblief kennis dat wanneer die faktuur aan u gestuur is, die terme en onderstaande voorwaardes sal van toepassing wees.

TERME EN VOORWAARDES:

Kansellasies sal slegs 14 werksdae voor die gholfdag aanvaar word. Die volle registrasiebedrag wat op hierdie vorm aangedui is, sal gehef word indien kansellasies minder as 14 werksdae voor die gholfdag gemaak word.

Ek/ Ons stem hiermee in tot die betalingsvereistes soos hierbo gelys op hierdie aansoek.

Namens:

_____ _____

Besigheidsnaam (IN BLOK LETTERS) **Naam (IN BLOK LETTERS)**

_____

Gemagtigde Hantekening

Geteken te _____ op _____ 2018.